Laerskool EIKESTAD

Doornboschstraat, Stellenbosch 7600
(021) 887 4610 **(021) 886 6995** **e-pos: eikestad@eike.co.za**

AANSOEK VIR TOELATING

Die volgende dokumente moet asb. hierdie aansoek vergesel

- *Afskrif van leerder se geboortesertifikaat & kliniekkaart*
- *Paspoort grootte **foto** van leerder **(GEEN afskrifte of per epos)***
- *Afskrif van leerder se huidige skoolrekening & nuutste rapport*
- *Bewys van woonadres (**huur of koopkontrak of Munisipale rekening – binne Stellenbosch of omgewing**)*
- *Afskrif van beide ouers se ID-dokumente (**paspoort dokument word NIE AANVAAR NIE**)*
- ***Sluitingsdatum: 15 April 2022***

Jaar van toelating:	**2023**		*Neem kennis: Kinders word in Graad R aanvaar wanneer hulle 6 word, Graad 1 wanneer hulle 7 word.*					
Graad:	Gr. R	Gr. 1	Gr. 2	Gr. 3	Gr. 4	Gr. 5	Gr. 6	Gr. 7

LEERDERINLIGTING

Leerder se van: (soos op geboortesertifikaat)			**Volle naam / name:** **NOEMNAAM:**
Seun	**Dogter**	**Huistaal:**	**Aantal kinders in gesin**
Identiteitsnommer:			**Posisie in gesin** **eerste** **tweede** **derde** **vierde**
Gestremdheid (indien enige)			**Tipe maatskaplike toelae**
(Departementele vereiste) Ras : Swart Bruin Wit Ander:			**Eerste registrasie in Wes-Kaap: Ja/Nee**
Neem leerder deel aan enige kulturele programme deel: Ja/Nee			**Besit die skolier enige leierskap posisie by die skool: Ja / Nee**

Is daar tans enige broers of susters in Laerskool Eikestad? Indien wel, spesifiseer asb. hieronder.	
Naam:	**Graad:**
Naam:	**Graad:**

OUER SE BESONDERHEDE

	Vader / Voog	**Moeder / Voog**
Naam en Van		
Identiteitsnommer: ('n afskrif van ID moet aangeheg wees)		
Fisiese adres: (bewys van adres moet aangeheg wees) **Tipe: Straat Woonstel Plaas Kleinhoewe**		
Posadres:		
Sellulêre Tel:		
Beroep:		
Werkgewer:		
Werks adres:		
Werk Tel:		
E-pos Adres:		
Metode van kommunikasie: epos/sms/beide		
Huwelikstatus:		
Ouer: Biologies/Aangeneem/Wettige Voog/Stief ouer/Ander		

Kontakbesonderhede in geval van nood		
Kontakbesonderhede persoon 1:		
Kontakbesonderhede persoon 2:		

VORIGE SKOLASTIESE INLIGTING

Lys asb. die skool/skole wat die leerder voorheen bygewoon het.

Speelskool/Graad	Naam van skool	Stad / Provinsie	Kontakbesonderhede	Rede vir weggaan

MEDIESE INLIGTING

	Toestand	Medikasie
Allergieë/Kroniese of Mediese toestande:		
Mediese Fonds:		
Hooflid van Mediese Fonds:		
Mediese Fonds Nommer:		
Allergieë/Kroniese of Mediese toestande asook operasies gehad:		
Huisdokter:		**Kontak nr:**

Bybelonderrig (Neem kennis dat ons 'n godsdiensbeleid in plek het)

Mag u kind teenwoordig wees by Bybelonderrig JA / NEE

ENIGE AANDUIDING VAN PROBLEME MET BETREKKING TOT:- OPMERKINGS INDIEN "JA"

Kind se fisiese groei	JA	NEE	
Voorgeboortelike/nageboortelike inligting	JA	NEE	
Inentingsrekord (geboorte tot 5 jaar)	JA	NEE	
Toetsresultate t.o.v. gesig/gehoor/hoogte/gewig/spraak/fisieke/beweeglikheid	JA	NEE	
Hospitaalopnames	JA	NEE	
Enige ontwikkelingsprobleme in die "Benodig spesiale sorg"-afdeling?	JA	NEE	
Enige kroniese toestand?	JA	NEE	

PERSOON/PERSONE BY WIE LEERDER BLY

Van en Voorletters	Identiteitsnommer	Kontakbesonderhede	Verwantskap

PERSOON/PERSONE GEMAGTIG OM LEERDER BY SKOOL AF TE HAAL

Van en Voorletters	Identiteitsnommer	Kontakbesonderhede	Verwantskap

Sport	**Slegs vir nuwe leerders van Gr 2 - 7**		
	Sportsoorte en Kultuur aan deelgeneem by vorige skool	Span bv A,B of C	Prov Kleure
1			

2			

OUER-VERBINTENIS

Ons verstaan dat dit ons verantwoordelikheid as ouers/voogde is om skoolgeld ten opsigte van ons kind/ers se onderrig te betaal. Die staat maak nie voorsiening vir ouers wat nie skoolgeld kan betaal nie. Enige tekorte in skoolgeld moet deur betalende ouers gedra word.

☐ Ons is in staat om skoolgeld ten volle te betaal.

☐ Ons wil aansoek doen om gedeeltelike vrystelling van skoolgeld – **n.v.t. op Gr. R nie** ('n afspraak word met die skoolhoof/gedelegeerde gemaak).

Alle inligting in hierdie dokument is waar en korrek.

Beide ouers / voogde moet hierdie vorm onderteken

Moeder / Voog 1 :_____ Vader / Voog 2 :_____

ADDENDUM B

ONDERNEMING DEUR OUERS / VOOGDE

1. Ons doen hiermee aansoek om die kind van wie die naam op hierdie vorm verskyn as leerder by **LAERSKOOL EIKESTAD** in te skryf en verklaar dat hy/sy aan die basiese vereistes voldoen.

2. Ek/ons verklaar hiermee dat ek/ons wettige toesig en/of voogskap oor die genoemde leerder het.

3. Ek/ons onderneem om by die reëls en dissiplinêre kode van die skool te hou, sowel as by die onderskeie veranderings in die reëls en dissiplinêre kode wat van tyd tot tyd gemaak mag word.

4. Ek/ons begryp en bevestig dat die hoof of enige sodanig gemagtigde persoon in die plek van die ouer/voog sal optree in enige omstandighede en gedurende enige tyd wat ek/ons ons kind aan die sorg van die skool toevertrou het.

5. Ek/ons begryp dat, alhoewel elke redelike poging aangewend sal word om verlies of skade aan leerders se klere en besittings te verhoed, die skool nie aanspreeklik gehou kan word vir verlies of skade nie.

6. Ek/ons onderneem om die skool te vergoed vir enige skade aan skooleiendom wat deur ons kind veroorsaak is.

7. Ek/ons onderneem gesamentlik en afsonderlik om die skoolgeld te betaal en ek/ons begryp dat:

   a. Die jaarlikse verpligte skoolfooie deur die ouers op die jaarlikse Begrotingsvergadering goedgekeur word.

   b. Die skoolfooie vir die jaar is vooruitbetaalbaar. **Merk asb. u keuse van betaling**:

a.	Fooie eenmalig betaalbaar	
b.	Fooie betaalbaar in 10 maandelikse premies (Feb – Nov) per debietorder.	
c.	Fooie betaalbaar in 10 maandelikse premies (Feb – Nov) per elektroniese oorbetaling.	

   c. Kragtens Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, is alle partye wat hulle tot hierdie vorm verbind aanspreeklik om verpligte skoolgeld te betaal.

8. Kragtens Artikel 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, mag die skool betaling van hierdie verpligte skoolgeld afdwing.

a. Die partye tot hierdie aansoek onderneem om alle regskostes te betaal, insluitend prokureurs/kliëntfooie en invorderingsgeld wat deur die skool aangegaan is ingeval die skool geregtelike stappe moet doen om skoolgeld te verhaal.

b. Indien betaling nie voor op die 1ste van elke maand ontvang is nie, sal die skool hom die reg voorbehou om rente op alle agterstallige rekeninge te hef. **Die skool behou ook die reg voor om rekeninge te oorhandig indien dit nie betyds betaal is nie.**

c. Ouers wat nie in staat is om skoolgeld te betaal nie, mag aansoek doen vir gedeeltelike vrystelling daarvan.

9. Ek/ons onderneem om skriftelik kennis te gee van enige voorneme om my/ons kind uit die skool te haal en om alle boeke en/of toerusting in ons kind se besit, wat aan die skool behoort, terug te besorg.

10. Ek/ons gee toestemming dat ons kind toegelaat word om opvoedkundige en psigometriese toetse in groepsverband, soos deur die Direkteur van Onderwys goedgekeur, te ondergaan.

11. Ek/ons begryp dat die skool hom die reg voorbehou om alle inligting in hierdie aansoek vervat te kontroleer. Sou enige vals dokumentasie of inligting ingedien word, behou die skool hom die reg voor om `n kriminele klag van bedrog teen enige van die partye tot hierdie aansoek aanhangig te maak.

12. Ek/ons aanvaar verantwoordelikheid om ons kind/kinders teen aansteeklike siektes en normale infeksies te laat immuniseer en sal bewys daarvan lewer indien dit versoek word.

13. Ek/ons aanvaar die verantwoordelikheid van die leerder se vervoer na en van die skool.

14. Ek/ons onderneem om die skool stiptelik te verwittig van ons kind/kinders se afwesigheid van die skool. Ouers/voogde moet ‘n mediese sertifikaat toon indien die leerder meer as 3 dae afwesig is.

15. Ek/ons onderneem om die skool se konstitusie en beleid van toelating, soos deur die Beheerliggaam van die skool bepaal en toegepas word, te handhaaf.

16. Ek/ons onderneem om ons kind/ers tot positiewe gedrag aan te moedig en om die skoolreëls te gehoorsaam.

17. Die ondertekenaar(s) van hierdie vorm gee hiermee die volgende *domicillium citandi et executandi* as wettige woonadres op. In die geval van enige adresverandering moet ouers die skool dadelik skriftelik in kennis stel.

_____

(Woonadres)

18. Hierdie verbintenis sal in sy geheel van krag bly vanaf die dag van ondertekening daarvan deur die ouer/voog, tot op die dag waarop die leerder die skool amptelik verlaat.

Die ouer/voog verklaar hiermee dat hy/sy die kind se wettige voog is en daarom gemagtig is om hierdie dokument te onderteken, en hom/haar daartoe sal verbind, beide as ouer/voog, en in sy/haar persoonlike hoedanigheid.

Geteken te: _____ **Datum:** _____ 20 _____

HANDTEKENING: OUER / VOOG 1

NAAM _____

HANDTEKENING: OUER / VOOG 2

NAAM _____

TOESTEMMING EN VRYWARING:

Ek, die ondergetekende,

_____

(Naam en Van)

van

_____

(Woonadres)

synde die ouer/voog van

_____

(Naam van leerder)

verleen hiermee toestemming dat my seun/dogter mag deelneem aan skoolaktiwiteite en buitemuurse bedrywighede van Laerskool Eikestad, insluitende sport, spele, liggaamsoefeninge, toere, en uitstappies hetsy te voet of per voertuig. Ek verstaan en aanvaar dat hierdie aktiwiteite op die uitsluitlike risiko van my seun/dogter, onderneem word en dat ek in my bogenoemde, sowel as my persoonlike hoedanigheid, my eksekuteure, my eggenote en voormelde kind, die Wes-Kaap Onderwysdepartement, die Beheerliggaam, die skoolhoof en sy personeel van Laerskool Eikestad, hiermee vrywaar en kwytskeld van enige en alle eise van welke aard ookal, asook enige en alle verlies of skade aan eiendom, sowel as liggaamlike beserings van my voormelde kind, wat mag ontstaan of voortspruit uit enige en alle bedrywighede voormeld.

Hierdie vrywaring/toestemming is daaraan onderhewig dat die skoolhoof en sy personeel alle redelike voorsorg vir die veiligheid en welvaart van my kind sal tref. Hierdie toestemming/vrywaring bly van krag vir die duur van my seun/dogter se onderrig aan die skool, tensy ek dit vroeër skriftelik kanselleer of wysig.

DATUM: _____ HANDTEKENING: VADER/VOOG: _____

PLEK: _____ HANDTEKENING: MOEDER/VOOG: _____

ADMIN PERSONEEL ALLEENLIK	**Datum ontvang:**	**Onderhoud:**	**Dokumente:**
	Datum waarop leerder begin:	**Graad & jaar:**	○ *Geboortesertifikaat* ○ *Kliniekkaart*
	Toelatings nr:	**Klas:**	○ *Paspoort foto van leerder*
	Rekening nr:	**Progen:**	○ *Afskrif van skoolrekening* ○ *Ouer ID's*
	Cemis:	**Edlab aangevra:**	○ *Bewys van adres* ○ *Dokument onderteken*

Omgee Verantwoordelikheid Eerlikheid Respek Integriteit

Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI)

Toestemming om persoonlike inligting te gebruik[1]

1) Deur toe te stem tot die bepalings van hierdie inligtingsvorm, magtig u,
   _____ en _____ (naam van ouer/s/voogd/e) , hiermee Laerskool Eikestad vrywillig om u persoonlike inligting sowel as dié van die leerder _____ (naam van leerder) te verwerk, (met inbegrip van die name, straatadres, telefoonnommers en enige ander inligting wat u aan die skool verstrek).

2) Verwerking sluit in die ontvangs, optekening, organisering, insortering, stoor, bywerking of aanpassing, herwinning, wysiging, raadpleging en gebruik; die verspreiding by wyse van oorsending, uitreiking of beskikbaarstelling in enige ander vorm, of die samesmelting, koppeling sowel as inperking, degradasie, uitwissing of vernietiging van inligting.
3) Hierdie toestemming is onmiddellik van krag en sal van krag bly totdat een van die voorwaardes ingevolge paragraaf 8 van die Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting nagekom is.
4) Die persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, tersaaklik en binne perke is in die lig van die doel waarvoor dit verwerk word, en indien verwerking ooreenkomstig die betrokke bepalings van POPI geskied. Die doel van die verwerking van inligting moet met ’n werksaamheid of aktiwiteit van die skool verband hou.
5) Daarbenewens neem u hiermee kennis dat Laerskool Eikestad persoonlike inligting met betrekking tot die behoorlike funksionering, bestuur en beheer van die skool insamel en verwerk, soos wat die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 en ander tersaaklike onderwyswetgewing en -beleide voorskryf.
6) Die tipe inligting sal afhang van die doel waarvoor dit ingesamel word, en sal ook slegs vir daardie doel verwerk word.
7) Ingevolge artikel 11 van POPI kan persoonlike inligting slegs in die volgende omstandighede verwerk word:
   a) Indien die datasubjek, of ’n bevoegde persoon ingeval die datasubjek ’n kind is, tot verwerking toestem.
   b) Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitvoering van handelinge met die oog op die sluiting of nakoming van ’n kontrak waarin die datasubjek ’n party is.
   c) Indien verwerking voldoen aan ’n plig wat die skool volgens wet opgelê word.
   d) Indien verwerking ’n regmatige belang van die data subjek beskerm.
   e) Indien verwerking noodsaaklik is vir die uitoefening van ’n openbare regsplig.
   f) Indien verwerking noodsaaklik is om in die skool se regmatige belang op te tree.

U regte ingevolge hierdie toestemming

U het die volgende regte:

1) *Die reg om te weet watter inligting gehou word, hoe dit gebruik word, en wanneer die skool dit sal bekend maak*. Ál voormelde inligting word vervat in ons Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting en ons Privaatheidsbeleid, wat beskikbaar is en bekom kan word by ons kantore of op ons webtuiste.
2) *Die reg om u besonderhede reg te stel.* Die skool sal u inligting bygewerk probeer hou. Indien enige van u besonderhede egter verander, stel ons asseblief in kennis sodat ons rekords so akkuraat moontlik kan wees.

[1] Hierdie vorm moet in samehang met die *Beleid oor die Beskerming van Persoonlike Inligting* gelees word wat op Die kommunikeerder (D6) en die www.eike.co.za beskikbaar is.

3) *Die reg om u toestemming terug te trek*. U mag die toestemming wat u ons ingevolge hierdie vorm gee in enige stadium terugtrek. U terugtrekking moet op skrif geskied en aan die inligtingsbeampte van die skool gerig word. Teruggetrekte toestemming is nie terugwerkend van krag nie en sal dus nie enige vorige of bestaande gebruik van u inligting raak nie.

Toestemming om bemarkingsinligting te ontvang

Deur tot die bepalings van hierdie toestemmingsvorm in te stem, gee u uitdruklik toestemming dat u inligting vir bemarkingsdoeleindes verwerk word, en verstaan u dat deur toestemming te gee, u bemarkingsmateriaal in die vorm van SMS'e, e-posse en dies meer van die skool kan ontvang.

Merk asseblief u antwoord hieronder:

Ek stem in ☐

_____ _____

Handtekening van beide ouers/voogde Datum

VRYWARINGSVORM MET BETREKKING TOT

LEERDERFOTO'S/-BEELDMATERIAAL/-VIDEO'S

Ons/Ek, (skryf asseblief volle name van beide ouers of voog/de netjies in blokletters) _____ en _____, verleen hiermee toestemming aan Laerskool Eikestad om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosialemediaplatforms (waaronder Facebook en Twitter);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by borge ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; en/of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ons/ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

Ons/Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn by die naam genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

Ons/Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolwebpublikasies.

Daarbenewens begryp ons/ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

Ons/Ek verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ons/ek dit in enige stadium kan doen deur ’n brief aan die skoolhoof te stuur.

Naam/name van leerder: _____

Naam van ouer/s/voog/de: _____

Adres: _____

_____ Poskode: _____

Telefoonnommer: _____

Handtekening van ouer/s en voog/de:

_____ en _____

Datum: _____